# STROOM-OP.

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

LAAT DAAR LIG WEES

A H M P
EK·SIEN·HAAR·WEN

3DE TERMYN 1982


## Afskeidsgroet aan Mnr. Bosua



Hoe neem 'n mens afskeid van 'n deel van Affies se tradisie, Affies se trotse naam? Dit is soms moeilik, maar ons moet afskeid neem van iemand wat 39 jaar van sy lewe, onafgebroke, opgeoffer het vir Affies.

Mnr. Pieter Bosua gaan nou, na 39 jaar die tuig neerlê, vir 'n uitsonderlike welverdiende rus. Sedert Januarie 1944 het mnr. Bosua op Affies geswoeg en gesweet en saam met Affies die lang pad deur die jare geloop. Saam met Affies "blink" dae beleef, maar ook "vaal" dae. Hy het ook saam met Affies geklim tot waar ons vandag is.

Ons sal mnr. Bosua altyd onthou as 'n uiters toegewyde en pligsgetroue onderwyser, 'n man wat sy vak geken het en wat 'n groot liefde daarvoor gekoester het. Bowenal sal ons mnr. Bosua onthou as 'n man wat altyd bereid was om na ons probleme te luister en altyd bereid was om 'n helpende hand na ons te reik.

Mnr. Bosua se vriendelike geaardheid sal veral ook altyd onthou word.

Verdere klein dingetjies, soos daardie onverwagse knyp en glimlag op die stoepe of "Luister kêrels, die Swaelpoort busleerlinge . . ." en nog baie andere sal altyd onthou en waardeer word.

Mnr. Bosua, vir 39 jaar van toegewydheid klink "dankie" so min, maar hoe bedank 'n mens iemand soos u. Ons kan slegs sê "dankie".

Mag God u seën en sy beskermende hand oor u uitgestrek hou op die pad vorentoe.

Affies groet u!

## Romeo & Juliet

Solet van Blerk.

"For never was there a story of more woe . . ."

Of dit die uiteindelike doel van Janice Honeyman se weergawe van die drama van Shakespeare was, is te betwyfel. As gevolg van 'n puik onderwyseres soos mej. Hönck het ons die hele jaar Romeo & Juliet geniet soos verliefde tieners en sonder enige bybedoelings. Gespaar van die 'studyguide' en 'hoe Shakespeare dit regtig bedoel het', was ons regtig 'n bietjie geskok in die vertolking wat vir ons in die sjarmante Markteater aangebied is.

Wat die Affies ter ere na gegee kon word, was hulle puik gedrag en waardering wat uit sekere dele van die opvoering gehaal kon word. En dit bly tog maar lekker om êrens anders heen te ry in 'n skoolgroep, veral saam met mej. Hönck, want dalk wag daar êrens lekker "slapchips".

## Kerkafsluiting

Esther Grobbelaar

Pragtige Affie-meisies sit gepak op die kerk se galerye. Die geleentheid — 'n kerkafsluiting. Na 'n paar benoude dae agter die rug, voel elke Affie nou reg vir die groot dag!

Ons kom om God te loof en dank vir sy goedheid deur die jaar en om dankie te sê vir so baie gawes en talente wat ons vrylik uit sy Hand ontvang het.

Die gaste neem hul sitplekke in terwyl mej. Holtzhausen en haar personeel 'n ogie oor sake hou. Juffrou lyk pragtig in haar koel, blou rokkie en was beslis 'n aanmoediging vir menige bekommerde Affies met haar vriendelike glimlag. Die gesange was suiwer en diep uit die hart van elke Affie. Die treffende preek wat oor "Die Waarheid" gehandel het, het ons opnuut weer die betekenis van daardie woord laat besef en eer. Die koor was wonderlik. Vir daardie groep dogers wat op kort kennisgewing aan 'n nuwe dirigent, liedjies en tempo gewoond moes raak, haal ek my hoed af. Julle is regte staatmakers! Geluk met jul pragtige en onverbeterlike optrede.

Vir die matrieks is die kerkafsluiting nie voltooid sonder "Jerusalaim" en 'n tranedal nie. Matrieks, ons wens julle net die mooiste toe vir die toekoms. Wie sal ooit onthou hoe swewend die "Halleluja" was en hoe moeilik Jerusalaim se woorde!

Na 'n baie besonder kerkafsluiting van 1982 wil ons net 'n spesiale woord van dank aan mej. Swart rig.

## Liewe Juffrou



Toe ek in standerd ses na Affies gekom het, het ek niks geweet van verjaarsdae nie. Die blommetjie-aanstekery en opstaan in die saal was vir my net die wonderlikste ding op aarde. Dan praat ek nie eens van al die kaartjies en blomme wat jy in die koshuis kry nie! Maar so met die jare saam het dit 'n vanselfsprekende gewoonte geword en is 'n verjaarsdag sonder blomme en liefde ondenkbaar.

Maar soveel blomme en soveel liefde as wat Affieland op 1 Oktober 1982 beleef het, sal ek nooit kan vergeet nie. Want die lang slang van blou Affies tot by die saal, die "Gaudeamus igitur" en die pragtige ruikers — alles was net om vir Juffrou baie, baie dankie te sê. Dankie vir al die liefde, inspirasie en vroulikheid wat u soos 'n ware moeder vir ons leer. Om "my kind" in Affieland genoem te word, is om te weet dat daar 'n wonderlike vrou is wat graag sal wil help om jou te sien wen!

Daarom wens die redaksie van 1982 u geluk en liefe toe vir al die jare wat voorlê.

Solet van Blerk
Redaktrise 1982

## Matriekafskeid — A.H.S.



Daar kan weer eens met groot lof gepraat word van 1982 se matriekafskeid. Die afskeid het plaasgevind op Vrydagaand, 15 Oktober. Die standerd neges het saam met mnr. Venter reeds weke voor die tyd begin werk aan die saal se dekor.

Die tema vir die aand was "The Great Gatsby 1928-1982", en die saal is dan ook na aanleiding hiervan op gepaste wyse versier. Die eindproduk was iets besonders en dit was moeilik om die saal te erken tussen die wit pilare, fonteine en pienk rose.

Twintig bediendes, in gatsbystyl geklee, het die standerd nege ma's gehelp om die aand moontlik te maak. Die matrieks het hul opwagting gemaak teen ongeveer 19h45, nadat meeste van hulle reeds gaan uiteet het.

Aanvanklik het die dinge bietjie stram verloop en meeste het eers "die kat uit die boom" gekyk. Gou het dinge egter begin vlot en die res van die aand het daar 'n heerlike atmosfeer geheers. Die dansbaan is op gebruiklike manier deur ons hoofseun geopen en daarna is aan ons nuwe hoofseun, Riaan Louw, 'n paar woorde gegun. Marius Coetzee het ook 'n word gedoen en daarna is die aand sy formele houding afgeskud, en die matrieks het die res van die aand op die dansbaan en tussen die kospotte deurgebring.

Daar is ook 'n heerlike maal voorberei vir die onderwysers in die mediasentrum, waarna hulle kon meemaak aan die vrolikheid in die saal.

Die aand was 'n reuse sukses en dit is seker dat die matrieks van 1982, Affies na die aand met gemengde gevoelens verlaat het.


Clutter & Thyme

*Handgemaakte Klere*
*& Fyn silwer juwele*

*SPESIALE GESKENKE*
*VIR SPESIALE ONNIES*

**379 Vestivalstr.**
**Hatfield**
**Pretoria 0083**
**Tel: 43-7767**

## REDAKSIE — 1983

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Redakteur/ise:* | C. Myburgh | & | H. Rolfes |
| *Subredakteur/ise:* | C. Botes | & | M. Botha |
| *Kultuur:* | D. du Toit | & | E. Grobbelaar<br>D. Smith |
| *Sport:* | J. Maritz<br>A. Venter | & | H. Wolmarans<br>E. Oosthuizen |
| *Fotografie:* | P. Potgieter<br>E. Steyn | & | Y. Zylstra<br>L. de Jager |
| *Advertensies:* | G. Retief<br>F. Combrink | & | S. Botha<br>A. Maré<br>M. Steyn |
| *Algemeen:* | J. de Bruyn<br>M. Myburgh<br>P. Herman | & | C. Koch<br>I. du Preez<br>M. Cunniff |

# REDAKSIONEEL

## Affies groet mnr. Jan Schoeman

M. Myburgh


**Mnr. Jan Schoeman beklee die pos van adjunk-hoof, by die Afrikaanse Hoër Seunskool vanaf 1 Januarie 1979. Hy is getroud en het vyf dogters.**

Mnr. Schoeman was verantwoordelik vir die onderrig van Geskiedenis en Beroepsleiding.

Ons het hom hier by Affies leer ken as 'n vriendelik begrypende, maar streng onderwyser. Hy is 'n entoesiastiese rugby-afrigter en hy het ook baie sukses in die ligas behaal. Ons sien hom nou nog al langs die veld, op-en-af soos hy sy manne aanmoedig. Eintlik kan 'n mens sê dat hy 'n groot sportgees is. Saterdag na Saterdag was hy op Loftus Versfeld en as Noord-Transvaal en die Westelike Provinsie teen mekaar te staan gekom het, was hy in sy element. Ons het hom ook gereeld sien speel as kaptein en draaibalbouler van die onderwysers se krieketspan. Hy het gereeld al wat sportsoort is ondersteun. Sy eie tennis het hy ook geniet.

As senior huisvader by die koshuis het hy 'n groot aandeel gehad aan die verfraaiing van die terrein rondom die koshuis. Hy en mevrou Schoeman het bome en bome en bome aangeplant en versorg. Janee, mnr. Schoeman was by Affies, 'n staatmaker!

Hy gaan nou boer in die Bosveld. Ons groet u, maar Affies sal u onthou. Nou kan ons seker sing: "Jan, Jan, Jan, die bielie van die Bosveld". Lekker boer meneer en voorspoed!



## Prefekte — A.H.M.

**'n Prefek se dae word verdeel tussen tye wanneer dit sommer voor die wind gaan en tye wanneer dit lyk asof die wind nou regtig gaan lê het. Gelukkig waai die wind die meeste van die tyd sterk!**

Een van die goeie tye was die versterking van die vriendskapsbande met ons Engelse broer — en susterskole. A.H.M. se prefekte het eers vir die prefekte van Girls' High en Boys' High gaan kuier; daarna het elkeen van die twee skole weer 'n draai by ons kom maak. 'n Hele paar Affies het waardevolle kontakte opgebou (veral met Boys' High!).

Interhoër — 'n feestyd! Ja, daar was byvoorbeeld die rosette-projek. Dit was groot pret.

Baie dankie aan Nerina en al die matrieks wat vanjaar vooraan geloop het. Hulle het deur die hele jaar vir ons almal 'n uitstekende voorbeeld gestel met hulle harde werk, hulle bereidwilligheid om te help en hulle vriendelikheid.

Ons hoop dat dit goed sal gaan met die eindeksamen en dat hulle 'n wonderlike toekoms daarna sal hê.

Soos die st. 6'e egter gou na hulle aankoms in Affieland uitgevind het, soos die res van die skool reeds lankal weet en soos die matrieks altyd sal onthou, het Affies sy mooi gees, sy harde werk en ook sy sukses aan juffrou Holtzhausen te danke, en saam met haar aan al ons gawe onderwyseresse.

Ons sien uit na 1983!
Christa Krüger

## ACSV

R.F. Smit

Die ACSV het hierdie termyn weer 'n hele aantal interessante byeenkomste gehad met Bybelstudie en skyfievertonings as onderwerpe. Ons wil graag mnr. Van Huyssteen bedank vir die behartiging van die ACSV deur 'n suksesvolle jaar en ook vir ds. Nic Ackerman vir die raad en hulp by die byeenkomste. Ook 'n woord van dank aan 1982 se bestuur wat nou die tuig neerlê en alle sterkte en voorspoed aan die nuwe bestuur vir 'n suksesvolle 1983.

## Junior Stadsraad

**Wie en Wat is die Junior Stadsraad? Die Junior Stadsraad is 'n jeugaksie wat gestig is uit lede van die Pretoriase Hoërskole. Die raad bestaan uit 'n aantal lede waarvan die helfte alternatiewe is. Die doel van die Junior Stadsraad is om 'n skakel te vorm tussen die jeug van Pretoria se Hoërskole.**

Vergaderings word maandeliks gehou en word baie formeel aangebied. n Advieskomitee is saamgestel uit onderwysers om die Raad behulpsaam te wees. Binnekant die Raad is daar ses komitees. Hulle bemoei hulle met sake en opdragte wat aan hulle gegee word. Die Affie-lede is betrokke by die Jeugkomitee. Hulle werk is om sosiale geleenthede vir die jeug van Pretoria te reël.

In 1981 het die Junior Stadsraad 'n geregistreerde welsynsorganisasie geword en besit dus nou die reg om geld in te samel ten opsigte van welsynsdienste. Onlangs is die suksesvolle matrasspringmarathon gehou waar geld ingesamel is vir die Bramley Kinderhuis.

Nuwe projekte wat aangepak gaan word is om 'n jeugbal te reël vroeg in 1983 vir al die jeug van Pretoria. Tweedens is daar ook 'n kompetisie uitgeskryf waar wildsvleis gewen kan word. 'n Saak wat binnekort finaliteit gaan bereik is die reg van 16-jariges om 125cc motorfietse te kan besit.

Om die Junior Stadsraad te help met die welsynswerk, het ons die ondersteuning nodig van alle leerlinge. Ons is 'n skakel tussen die verskillende skole en kan slegs funksioneer as die leerlinge met hulle lede kommunikeer en idees na vore bring. Ons maak staat op die volle ondersteuning van alle leerlinge van Affies.

### Liewe Nerina en prefekte

**Afskeid is altyd onaangenaam, maar vanoggend was dit sommer dubbel so sleg. Toe daar op die verhoog een vir een van julle afskeid geneem is, kon ons net staar en saggies baie dankie sê dat dit júlle was wat ons die afgelope jaar so veel geleer het.**

Julle het ons gekry as dom, verskrikte st-Aggies wat grootoog in die vreemde prefektekamer rondgekyk het. Vandaar het julle ons liefdevol voortgelei op die pad van 'n prefek, wat ons geleer het, nie altyd maklik is nie. Dié goeie opleiding verseker dat ons volgende jaar aan die voorpunt van die prefekte sal kan staan.

Vir die baie pret — veral die Boys' High en Girls' High besoeke, baie dankie. Ons kan net hoop dat volgende jaar net so suksesvol sal wees in die opbou van menseverhoudings.

Sterkte vir die eksamen, en as julle daarna die onbekende toekoms buite die blou hekke moet betree, wens ons julle net die beste toe.

Liefdegroete
Die 1983-prefekte



## Redaksioneel Stroom-op

**Toe ek in st. 6 vir die eerste keer die Stroom-op gelees het, was dit vir my 'n wonderlike ondervinding en nou is ek deel daarvan. Dit voel so onwerklik.**

Dit sal ook onwerklik word as julle nie julle skoolkoerant ondersteun nie, AFFIES. 'n Koerant kan nie voortbestaan as daar geen artikels, geen foto's, geen belangstelling, niks is nie! Ons, die redaksie van 1983, is afhanklik van die samewerking van die hele skool. Ons is nie net 'n paar of armsalige siele wat voortploeter nie, ons het hulp nodig, julle hulp.

Ons skool het 'n wonderlike tradisie, maar ons teer daarop. Ek wonder wat sal van ons word as dit opraak? Ag nee wat AFFIES, wys vir ons dat julle kan as julle wil!

Heidi Rolfes
Redaktrise 1983

## Kerkafsluiting

**Die tradisionele jaarlikse kerkafsluiting van die matrikulante, vanjaar gehou op 22 Oktober, was weer eens 'n groot sukses. Hierdie gebeurtenis was die laaste samekoms tussen matrikulante en die res van die skool.**

'n Oud-Affie, dr. J.W. (Hoffie) Hofmeyer het die diens waargeneem. Dr. Hofmeyer het die lewe van Thomas pragtig in verband gebring met elke matrikulant se toekoms en het sekerlik 'n blywende indruk op elkeen gemaak.

Die koor was vanjaar op sy beste. Harde oefening van beide die kinders en mev. Rika Smith se kant af het dit 'n puik geleentheid gemaak. Gepaste psalms en gesange het 'n voelbare stemming teweeggebring.

Die kerkverrigtinge is afgesluit met 'n afskeidsgroet van ons hoof, mnr. N.C. Roesch wat 'n paar gepaste verse uit die Bybel aan die matrikulante voorgehou het. 'n Gesamentlike optrede deur die koor en die solis, Steven de Wet, wat 'n afskeidslied vir die matrikulante gesing het, het ons weer laat besef dat niks sonder Hom moontlik is nie.

Met orrelbegeleiding deur mnr. Roelof van Graan het elke matrikulant 'n afskeidsgroet in klasverband by die deure ontvang terwyl hulle die kerk verlaat het.

## Landsdiensklub

**Soos julle seker weet, het ons vanjaar begin met 'n Landsdiensbeweging by Affies.**

Ons beplan verskeie uitstappies vir die komende jaar, en veral die avontuurlustiges sal baie baat by ons klub se aktiwiteite.

Die grondidee van die klub gaan om natuurbewaring en verskeie staptoere, duikekspedisies en visvanggeleenthede word beplan vir die komende jaar.

Belangstellendes word genooi om navrae aan mnre. Swart en Pretorius te rig.





*Amptelike Leweransier van Afrikaanse Hoër Seuns- en Meisieskooldrag*

**Enige Bobbejaan weet**

**ONS HET ALLE SPORTBENODIGDHEDE IN VOORRAAD**

**ONS IS SO NABY SOOS U TELEFOON 434855**

WAAR U NA KORTING DIE MINSTE BETAAL

ONS GELUKWENSE MET NOG 'N SUKSESVOLLE JAAR

**SCHALK W VORSTER**
DIE VRIENDELIKE VERSKAFFER

# Oom Willie en tannie Kobie sê tot siens

Oom Willie, ons geliefde faktotum van die afgelope vyf jaar, het besluit hy is moeg om die enigste roos tussen die dorings te wees en het ons einde September verlaat. Ons sal oom Willie mis, maar gun hom die blaaskans.

Met hom saam neem hy dan natuurlik sy eie vrou, ons tannie Kobie wat reeds 15 jaar in die administratiewe kantoor van A.H.M. werksaam is.

Die redaksie wil hiermee namens die skool tot siens, nie vaarwel, sê aan die egpaar Greyling en hul net die mooiste toewens op die pad vorentoe.

Stroom-op groet ook vir mev Elize Immelman en wens haar alle sukses toe met haar nuwe sakeonderneming.



Oom Willie en tannie Kobie.

# Standerde nege Latynvertalings

Iemand in die seunskool het eendag opgemerk: "Die latynvertalings van verlede jaar doen die rondte in ons klas!"

Tog net jammer dat die st. 9's van die meisieskool tot op hede toe nog nie sulke vertalings in die hande kon kry nie. Maar 'n boer maak 'n plan en ons was ook nie links nie; ons het die ideale plan uitgewerk; ons sou beurte maak om dit te vertaal. Helaas, almal is nie ewe pligsgetrou nie en die plan het gefaal. Nou is sekere mense se boeke, replikas van ander s'n, hoe vreemd?!

Hier volg nou 'n puik voorbeeld van standerd nege Ovidius logika:

Hippomenes kyk na die wedloop (Atalanta): Maar waarom op hierdie manier hardloop en word die geluk vir my verlaat? Die wind het die snel gevleuelde sonstrale soos die van mercurius en voete meegevoer, die hare word gegooi, deur vooruit, en wat met knieë om sneller te wees. Gekleurde reëntjies om die soom en saam met groot blou lug seil uit en purper werp kunsmatig skaduwees.

Juffrou Visser se kommentaar was: "Glad nie sleg nie, onthou in die eksamen kry jy vir elke woord wat jy skryf, punte!" (Baie dankie juf. Visser, ons sal dit onthou).

Ai, Latyn is darem 'n eerlike vak; jy hoef net te sê jy neem dit en almal dink jy is slim!!

Heidi Rolfes
Redaktrise 1983

# *Vlagstryking en Stafoorhandiging*

**Dit is altyd een van die hoogtepunte op die einde van die jaar se program. Daar is egter veel groter simboliek aan die hele parade as wat dit op die oog af lyk. Na die vlagstryking, simbolies gekoppel aan die afsluiting van 'n jaar, word die staf oorhandig. Simbolies beteken dit dat die matrieks die tuig aan die st. 9-leerlinge oorhandig.**



'n Doodse stilte het geheers met die kadetorkes se opkoms, veral onder die matrieks waar die afgelope vyf jaar by hul verby geflits het in 'n enkele sekonde. Albei vlae is gestryk terwyl die Stem, Vlaglied en Aandsinjaal gespeel is. Nadat almal saam die laaste deel van die eerste strofe van die stem opgesê het, het Robert Brand "Auld Lang Syne" — Sal onse kennisse ooit vergeet vir oulaas gespeel.

Nadat die nuwe tamboermajoor die staf plegtig ontvang het, het hy die orkes van die vierkant afgelei. Terwyl die musiek stadig weggesterf het, het almal die saal betree om die laaste keer van die matrieks afskeid te neem. Een vir een het die matrieks dan ook vir oulaas oor die verhoog gestap en op die manier aan Affies vaarwel gesê.

# Afrikaanse Debatte




**Die Afrikaanse Debatvereniging het vanjaar gepoog om belangstelling in debatte aan te wakker veral by die dagstudente. In 'n redelike mate het ons daarin geslaag, veral deur die keuse van onderwerpe. Die debatte het gehandel oor prikkelende en insiggewende onderwerpe en het verskillende vorme aangeneem eerder as die stereotipe debat.**


Gedurende die eerste termyn is 'n film gewys, waaroor gedebatteer kon word. Vier ander sprekers moes praat oor die rol van die polisie in ons staat. Weke voor die tyd is met 'n advertensieveldtog begin en groot belangstelling het geheers. Weens tegniese probleme het die filmvertoning misluk, maar die vier sprekers het nog hulle standpunte gehuldig.

Die tweede termyn het die aanbieding van 'n baie ongewone "debat" gesien — drie sprekers het elk 'n voorstel vir 'n nuwe konstitusie vir ons land voorgelê waarna die bespreking oopgegooi is vir die gehoor. Daar is lewendig daaroor gedebatteer en die aanbieding het ten volle in sy doel geslaag — die gehoor het begin dink oor landsake en weer 'n aktiewe belangstelling daarin getoon.

In die derde en laaste termyn het die debat die vorm aangeneem van 'n baie geslaagde redenaarskompetisie. Daar is in drie afdelings meegeding: die st. 6-kompetisie, junior kompetisie (st. 7-8) en die senior-afdeling (st. 9-10). Die onderskeie wenners in die afdelings was D. Wijnbeeck, A. Marais, en A. Erasmus.

Die Debatsvereniging kan terugkyk op 'n besonder suksesvolle jaar en wil opregte dank uitspreek aan al die personeellede wat gehelp het, in besonder mev. Le Roux en mnr. Smit, asook aan al die sprekers wat gedurende die jaar deelgeneem het. Ook aan die besonder simpatieke gehoor — baie dankie.





MUIS MAAR MAN!

# Mode-parade

**Op 27 Augustus het die St. 9's van die meisieskool 'n modeparade ten bate van die afskeidsfonds gehou. Foschini se somermodes is vertoon deur die modelle van die modeskool La Charmante. Onder andere het ons eie Dina-Marie Smit ook gemodelleer.**

Ons wil mev. Dina Smit, haar hele familie en al die ma's wat gehelp het met die verversings en die opmaak van die saal bedank vir al hulle moeite en toewyding. Sonder hulle sou daar nooit 'n modeparade gewees het nie.

Die voorbereidings het al die middag begin toe al die doppies gevul moes word en op die tafels uitgepak moes word. Bloeisels, wat deur mev. Swanepoel geskenk was, is aan die loopplank vasgemaak deur ds. Smit om 'n lente-atmosfeer te skep.

Daar was ook verskeie belangrike mense teenwoordig, onder andere Roelf Jacobs, sy vrou en hul kinders, die takbestuurderes, Charmaine Patterson van La Charmante, mej. Crous en mej. Hönck en vele ander.

Na die tyd het die modelle ruikers ontvang terwyl al die gaste die lekkernye en vrugtesap op die tafels geniet het.

Weer eens baie dankie aan ds. en mev. Smit vir al die reëlings, dit was puik!

Heidi Rolfes
Redaktrise 1983

# Prysuitdeling — A.H.S.

**Op 19 Oktober 1982 was dit weer Affies se jaarlikse prysuitdeling. Vir die eerste keer vanjaar is daar afgewyk van die gebruiklike manier waarop die prysuitdeling aangebied is. Die personeel het besluit om die prysuitdeling in een dag af te handel om sodoende die hele skool te betrek. Daar is dus aan die wat nie pryse ontvang het nie, die kans gegun om die funksie by te woon. Gedurende skooltyd is al die sertifikate uitgedeel. Die spesiale toekennings, soos die medaljes en erekleure is tydens die aandfunksie afgehandel.**

Die aandfunksie het om 7 nm. in aanvang geneem waartydens 'n relatiewe klein groepie Affies en hul ouers die verrigtinge bygewoon het. Die verrigtinge is op 'n gepaste wyse deur dr. De Bruyn geopen en daarna het die orkes op sy gebruiklike manier 'n paar nommers gelewer. Die oorhandiging van akademiese erekleure het gevolg en dit was weer duidelik dat die Affies hul kant gebring het gedurende die jaar. Erekleure is in verskeie sportsoorte oorhandig en dit was duidelik waarom Affies as een van die voorste sportskole beskou word. Oorhandiging van trofeë het gevolg en toe is daar op 'n meer ernstige wyse afskeid geneem van twee van Affies se senior onderwysers. Dr. De Bruyn, voorsitter van die Beheerraad, het op gepaste



wyse sy afskeidsboodskap aan mnr Piet Bosua en mnr. Jan Schoeman gelewer. Mnr. Piet Bosua, vergesel deur sy eggenote, Ems, het later 'n afskeidswoord gespreek en was daarna staande toegejuig deur die sowat sestig Affies en hul ouers. Daarna is aan mnr. Schoeman geleentheid gegun, en nadat hy die bedankings gedoen het, het hy sy afskeidsgroet gelewer.


Gedurende die aand is volle erekleure ook aan twee van ons leerlinge toegeken, nl. Anton Kleywegt en Jannie du Preez.

Die aand was 'n reuse sukses en die verrigtinge is op 'n meer sosiale noot afgesluit deurdat almal 'n koppie koffie saam genuttig het.

PIZZALAND
BIED AAN
EET SOVEEL SNYTJIES PIZZA SOOS U WIL VIR
R3·50
STUDENTE-AAND
☆ IN DIE HOOFROLLE ☆
☆ Reg uit ons oonde ..... 15 ongelooflike soorte PIZZA! ☆ Die beroemde PIZZALAND resep vir PRET ☆ Fantastiese Waarde ☆ EN U
KOM EEN! KOM ALMAL!

# Prefektekamp 1982

**Soos almal weet, sien alle prefekte uit na hulle jaarlikse kamp op die skoolplaas. Dit is net jammer dat dit so kort is, want almal geniet dit baie, alhoewel party dit minder aangenaam vind, veral die nuwe manne. Miskien is dit te wyte aan 'n gebrek aan ondervinding. Gelukkig doen hulle heelwat ondervinding op die kamp op. Dit is beslis 'n kamp vir die avonturis en iemand wat hou van oorlewing. Dit is daarom dat so baie kos saamgeneem word. Almal kon hulle trommeldik eet. Dit is net jammer dat party niks kry nie.**



Die kamp begin reeds die Vrydagoggend as die nuwe manne vol ywer die bus pak onder leiding van die ouer manne op hulle kampstoeltjies sit. Daar is "baie" sitplek op die bus. "Elkeen" sit heel gemaklik. Net om die nuwe manne te laat besef wat nou oor hulle gekom het, roep die oumanne die nuwes een-een na agter om 'n "indiepte gesprek" met hulle te voer en wanneer die nuwe ouens terugkeer na hulle sitplekke, met die vars reuk van tandepasta om die kiewe, kry hulle 'n tydjie om na te dink en dan besef hulle dis maar net 'n nare droom.

Wanneer die plaashek bereik word, los die nuwe ouens gou die naweek se waterprobleem op deur 'n bietjie water by die plaashuis daarnaby te leen. Dan kry hulle genoeg tyd om die plaas se mooi bome en berge te besigtig terwyl hulle heel vinnig die bus na die kampterrein agtervolg. Oppad leer hulle van 'n boom wat na ons goeie vriend Pierneef vernoem is — 'n geskiedkundige boom wat hulle 'n paar keer sou besoek.

Terwyl die ou manne bietjie bene gerek het, het die nuwe manne kamp opgeslaan en begin kos voorberei. Omdat hulle geweet het van die hoeveelheid voedsel wat hulle die naweek sou inneem, het snaakse tonele by die kostent afgespeel. Ses ouens het skielik een kaas opgekerf onder leiding van Boerseun Bennie en 'n verdere agt het heel oulik aan een brood gesmeer (gesmul). Gedurende die loop van die aand het die nuwe manne weer kans gekry om vir "Pierneef" te gaan besoek en elk het met 'n rivierklippie teruggekeer. Dit was toe reeds 22h00 en nadat hulle heerlik geswem het, het hulle vir 'n tweede keer ou "Pierneef" gaan besoek. Aangesien hulle so warm was na die besoek het hulle weer gaan swem. Die manne was nou reeds heel moeg en daar is besluit dat hulle kon gaan inkruip. Hulle het net geslaap toe dit vir Derrick tref dat hulle nie vir Sandrew nag gesê het nie. Sandrew was toevallig by ou "Pierneef". Hulle het gou vir hom gaan nag sê. Daarna het hulle gaan slaap.

Twee ure later, oftewel Saterdagoggend, het Marius besluit om die bergklimtalent onder die nuwe manne te toets. Elke nou en dan het hulle nuwe rekords geslaan deur vinniger onder te wees. Hulle was toe lekker warm en kon saam met die "klippies" van die vorige aand vir Pierneef gaan môre sê.

Die res van die oggend is gewei aan die bou van die tabernakel waar 'n paar "sydies" later sou agterbly.

Na middagete het die nuwe manne 'n nuwe seep beproef. Hulle het dit egter bruin, taai en onaangenaam gevind. O ja, dit word "moelasse" genoem. Gelukkig het die bergstroompie verligting gebring.

Na 'n "prettige" uitstappie saam met Marius en Willie het die nuwe manne gereed gemaak vir die nagmars. Danksy Alistair se aanwysings langs die pad was 'n kompas nie nodig nie, alhoewel Alistair een kon gebruik het toe by die roete beplan het.

Dit was kort voor twaalf toe die manne die kamp binnekom. Hulle "wou" egter gaan swem, maar omdat Kruys en Neville hulle "sydies" te lank gevind het, het hulle dit gou eers "getrim". Na 'n verfrissende swem en bietjie moeg, het die nuwe manne elkeen 'n stewige handdruk om die vuur gekry.

Daar is vroeg gaan slaap deur almal, werklik almal, sodat daar vroeg die Sondagoggend na Pretoria vertrek kon word.

# *Drilpeloton*

**Die drilpeloton het 1982 met 'n positiewe gesindheid benader. Die manne het goed saamgewerk en was gewillig om hard te oefen.**

Mnre. Van Rooyen en Myburgh, tesame met 'n korporaal van die Weermag was behulpsaam met die afrigting. Behalwe kadetperiodes, is daar ook Maandae en Woensdagaande gedril. Bewegings moes oor en oor gedoen word wat somtyds bietjie frustrerend vir die drilsersant en onderwysers was.

Groot opofferings is veral gemaak deur die st. 8-leerlinge. Hulle moes die veldskool prysgee om aan die kompetisie deel te neem.

Met die dag van die kompetisie het ons bewondering by die toeskouers afgedwing maar die beoordelaars was minder tevrede met ons poging. Ons moes die knie buig voor C.R. Swart en tevrede wees met 'n vierde plek.

Met 'n goeie aantal jong opgeleide kadette sien Affies uit om volgende jaar weer eens gedugte opponente op die kompetisie te wees.

# *Wiskunde*

**Die idee om ons juniors in 'n Wiskunde-Olimpiade te betrek, bestaan al reeds 'n geruime tyd. Hierdie ideaal is op Maandag 6 September 1982 verwesenlik toe 136 st. 6-, 7- en 8-leerlinge met 'n keurige interne vraestel kon kopkrap.**


"Koos boer met konyne en duiwe. As daar altesaam 15 koppe en 50 pote is, hoeveel konyne en hoeveel duiwe het Koos?" Vir 'n wegspring was dit glad nie 'n moeilike vraag nie; sommige het selfs koppe en pote geteken! Die Affies se plak- en snyvernuf is selfs getoets in een vraag wat knipwerk vereis het: "Sny die vaas in drie dele met twee snitte sodat jy die stukke aanmekaar kan las om 'n vierkant te vorm." Dit was 'n belewenis om al die beraamde planne en die finale antwoorde wat ongelukkig nie altyd ooreengestem het nie, te sien. Die "Kripto-algebra" was 'n perd van 'n ander kleur en hier het menige Affie, moedig gesneuwel. Elke alfabetiese karakter staan vir 'n syfer bv. AD + DI = DID (91 + 10 + 101).

Met die aanbring van die memorandum op die kennisgewingbord, is spontane uitroepe oor 'n afstand gehoor. Hier en daar is probeer om 'n verleë laggie weg te steek.

Gert Rautenbach was die algehele wenner en ontvanger van 'n geldprys van R50. Baie geluk, Gert!

Met dié Olimpiade is daar tot die besef gekom dat daar by Affies 'n groot behoefte bestaan om aan ander fasette van Wiskunde aandag te gee. Die stigting van 'n Wiskunde-klub is beoog. Die stigtingsvergadering het plaasgevind op 2 November, nadat dit aan die lig gekom het dat daar 'n hele aantal entoesiaste is, veral as daar rekenaarfasiliteite aangebring kan word.

'n Opregte woord van dank aan mev. Botha en die ander personeel wat betrokke was by die Junior Olimpiade en vir die beplanning van die Wiskunde-klub. Al die Affies word genooi om by die klub aan te sluit, en ons sien uit na 'n mooi 1983.



# Kunsklub

Die kunsklub het vanjaar op Woensdae namiddae vergader.

Dis bygewoon deur kunsliefhebbers van st. 6-10.

Die grootste aantrekkingskrag vanjaar was die kleimodellering, maar daar is ook potloodsketswerk en natuurskildering gedoen.

Die klub het ook uitstallings bygewoon en veral die groot versameling "Goud van Peru" en die "Eskimokuns" by die kunsmuseum baie geniet.

Ons sê dankie vir mnr. Deichmann se entoesiasme en opoffering en wens hom alles van die beste toe vir sy eie kunsloopbaan.

Die huidige bestuur groet en wens die kunsklub alles van die beste toe.

Awie Viljoen

# *Expo — '82*

**Affies het vanjaar baie goed presteer in Expo. Van die negentig inskrywings wat uit die Noord-transvaalse streek deurgegaan het na die finaal, was daar twee en twintig van Affies.**

In die finaal het agt van Affies se inskrywings plekke gekry. Awie Marais (st. 7), Hugo Nell (st. 7), Max Robbertze (st. 8) en Johan van Loggerenberg (st. 6) het eerste plekke gekry. Johan Stumpf (st. 7) en Alstoer Smart (st. 10) het tweede plekke verower terwyl Klasie Patterton (st. 7) en Hans Barnard (st. 10) derde plekke gekry het.

Meer as die helfte van Affies se inskrywings was van standerd sewes. Ons hoop dat daar in die toekoms meer seuns van ander standerds sal inskryf.

Ons wil graag die Wetenskaponderwysers van die skool bedank vir hul aanmoediging en steun. Ons hoop dat Affies in die toekoms selfs nog beter in Expo sal presteer.



# Blaasorkes

**Die Blaasorkes het vanjaar baie gedoen om die beeld van ons skool uit te dra.**

Die orkes het by verskeie funksies opgetree, byvoorbeeld die SA-swemkampioenskappe, Girls' High se kermis, 'n ernstige musiekprogram in die Musaion en 'n Afrikaanse kultuuraand, ook in die Musaion. Die weeklange optredes in die Aula vir die "Beeld van die onderwys", was 'n groot sukses en het baie lof vir die orkes sowel as die skool ingebring.

Omdat die matrieks die orkes nou verlaat het, sal veral die trompette hard moet oefen om weer op standaard te kom.

Ons wil graag ook vir menere Poolen en Booysen bedank vir hul harde werk en al hul moeite. Ons hoop dat die orkes in die toekoms nuwe hoogtes sal bereik.

# Kadetorkes

**As ons terugdink aan die afgelope jaar kan ons met reg trots en tevrede wees met wat bereik is. Affies se naam is weer eens, soos in die verlede, hooggehou.**

Afgesien van 'n paar baie suksesvolle optredes, het ons ons maar meestal besig gehou met die voorbereiding vir die kompetisie. Baie ure se oefeninge is ingesit, maar dit was beslis die moeite werd.

Op hierdie jaar se kompetisie het ons tweede na Hoërskool Silverton geëindig. Ons verower egter die netheidstrofeë, wat beslis die kroon op al ons ma's se harde handewerk geplaas het. Flip Liebenberg is ook aangewys as die beste sytamboerspeler. Op Noord-Transvaal behaal Flip dan ook 'n derde plek.

Na die klimaks van die kompetisie, het ons afgesluit met 'n baie geslaagde kamp en 'n braai by die skool, waar dit egter uitgereën het.

Aan die vyf matrieks wat die orkes verlaat, wil ons net dankie sê vir alles wat hulle gedoen het. Ons het dit baie waardeer. Sterkte vorentoe!

Ook 'n woord van dank aan mnr. Booysen vir al sy opoffering en toegewydheid gedurende die afgelope jaar. Dit word opreg waardeer.

Ons sien uit na 'n baie suksesvolle 1983!

# English Debating Society


**During the last term, the English Debating Society has delivered one main event: that is English Ovatory Competition, organized and made possible by the English Debating Society. On the evening of 3 September 1982 nine category winners were chosen with three overall winners. They were:**

— J. Fouché in the standard 6 group
— Stephan de Beer in the standard 7 and 8 group
— and Corni Myburgh in the standard 9 and 10 groups.

Stroom-op would like to congratulate the winners on their achievements.

Furthermore, the new committee for the following year's English Debating Society have been chosen. They are: Frans Cronje as chairman, Corni Myburgh as vice-chairman, Adriaan Venter as secretary and Danie du Toit as additional member. The year 1983 promises to be a great year and the English Debating Society are sure to deliver their share in its success.

# Hoekie vir Eensames



WAAR'S PRINS CHARLES!



KRULKOPPIE VAN POFADDER

FRIZZI-LIZZI






HEIDI VAN HILLBROW



PASSOLA



DRIE UILE OP 'N EMMER



WAAR'S LADY DI CHARLES!

| "In" dinge | "Uit" dinge |
|---|---|
| Boys High | "Jog" en "fruits" eet |
| 3 beroepstudies | malvas |
| eksamenroosters | "VAN" |
| lampskerms | pienk papierrose |
| uperman | afrolpapier |
| die leë venstertjie | gekleurde knippies |
| kontrole vraestelle | huisvlyt lappies |
| atletiek oefeninge?! | kennisgewingbord |
| koorklere | "sidies" |
| "down under" | rooi wange vir atletiek |
| Chuck chunder | matrieks |
| "vreemd!" | onbekende Affie |
| mev. De Villiers | onderskeidings |
| "shot, dot!" | nuwe skrifte |
| applous in die kerk | "jy weet dan?!" |

# Die herstel van die Anglo-Boere-oorlog

**Aangesien die Osbraai — 1982 tussen Seuns- en Meisieshoër, Girls' High en Boys' High nooit tot realiteit wou kom nie en die bande tussen die vier verwante skole só nie versteweig sou word nie, moes ander planne nou in werking tree.**


Groot was ons verbasing en vreugde toe ons hoor dat Boys' High sake nie net daar sou laat nie en hul hoofseun die prefekte van Meisieshoër amptelik uitnooi "to strengthen the ties with our English brother school."

Op Vrydag, 5 Junie, is ons 36 "bebloubaadjiede" prefekte as trotse verteenwoordigers van die "Blou Skool" vol verwagting na die ou tradisievaste skoolgebou op die koppie net oorkant Universiteitsweg. Ons is daar hartlik deur 'n groep "English gentlemen" verwelkom en tussen die stoere ou pilare deur na die saal gelei waar die formele "Assembly" sou plaasvind. Soos enige handjievol meisies tussen 1 000 "English gentlemen" maar sou, het ons dit geweldig geniet . . . en is beloftes oor en weer uitgeruil.


Met 'n vakansie (of hoe, matrieks?) en 'n hartbrekende rekordeksamen as tussenpose, moes ons vir eers ons aandag tuis bepaal en is die teruguitnodiging gerig vir die 1e September. Dié slag moes die "gentlemen" met elk 'n blom aan die skouer op die verhoog voor die starende massa Affies pryk. Juf. Holtzhausen het hulle op haar kenmerkende wyse so tuis as moontlik laat voel, maar Angelo, die hoofseun, se stadige maar humoristiese bedanking het luide applous uitgelok.

Met boerekoffie en verversing is die mae en die vriendskapsbande verder verwarm en was daar aan beide kante 'n jammerte dat die tyd vir die matrieks so vinnig besig was om uit te loop.

As matriek wil ek sê dat die vriendskapsbande met ons Engelse broerskool nog 'n vonkel in ons matriekjaar was en dat dit my altyd sal bybly as nog 'n 1982-oorspronklikheidjie.



MEJ AFFIE — 1982



'N ONREGVERDIGE TWEEGEVEG


## DIE GOEIE OU TYD

Lank, lank gelde, toe die maan altyd soos 'n kaas gelyk het en die somerlug soos rose geruik het, was daar ware Ridders gewees. En somtyds het hulle onder 'n mens se kamervenster op 'n helder aand kom staan en die allerpragtigste liefdesliedere gesing. En dan het die meisie haar gordyn op 'n kleinklein skrefie getrek en 'n skaam roosknop voor die galante heer se voete laat val.

Maar ons woon in 'n tyd van motorfietse en punckmusiek en as daar liefdesliedere gesing word, doen jy dit self. Dis net partykere is 'n meisiemens in 'n onmoontlike romantiese bui. En dan besluit sy soos 'n ware idealis om vir 'n sekere instansie naby ons te gaan "sêr". En dis net daar waar sy 'n fout maak, want die goed van die instansie weet nie (soos 'n sekere klomp here teen die bult) van hoe om te reageer as daar vir hulle gesing word nie. Hulle trek nou eers by die watergooistadium en jy moet bly wees as hulle jou nie raakgooi nie. Vir die verskoning sê ons baie dankie, maar ons sal liewer nie weer nie. En dit is so dat die ander here met 'n mens gesels, saamsing en saam terugstap tot veilig by die koshuis . . .








MATRIEKAFSKEID — AHS



# Koshuisafskeid

**Saterdag 25 September was weer 'n groot dag vir elke koshuismatriek en standerd nege gewees. Vir die matrieks omdat daar van hulle afskeid geneem was en vir die standerd neges omdat hulle kon aanskou hoe hulle ywer en harde werk regdeur die jaar nou bekroon word.**

Vir die standerd neges het alles al omtrend twee weke voor die tyd begin. Geen wonder nie want "'n aand saam met Tarzan" is beslis nie 'n maklike tema nie. Deur al die werkery was daar darem partykere nog tyd vir ontspan ook en daar het die standerd nege groep begin om 'n puik gees onder mekaar op te bou. Die Vrydagaand het die standerd neges die koshuis behoorlik op horings geneem met hul rooibok braaiery. Daardie aand het hul ook laat in die vere gaan klim. Saterdagoggend het die finale afronding gekom met mnr. Brooks, Nel en mev. Maritz se puik leiding.



Met die aanbreek van Saterdagaand was al die standerd neges se senuwees op hol om te weet wat die matrieks te sê gaan hê. Tot ons verbasing het ons net goeie komplimente ontvang. Almal het die aand se gebeure terdeë geniet, en alle leerlinge sowel as personeellede was teenwoordig. Die aand het ook sy ernstige punte gehad veral toe Derrik sy afskeidstoespraak namens die matrieks gelewer het. Soos die spreekwoord sê het alle goeie dinge 'n slegte einde en ons slegte einde het Sondagoggend halfsewe gekom met die opruiming van die koshuis, maar vele hande maak ligte werk en ons was gou-gou klaar.

Met die afskeid het die standerd neges bewys wat in hul steek en het hul ook bewys dat hul 1983 'n groot jaar vir die koshuis gaan maak.

# *Fotografie*


**Die nuwe bestuur van die Fotografieklub vir 1983 is verkies. Hulle is: Philip Potgieter (voorsitter), André de Wet en Francois du Toit (ondervoorsitter). Die Stroom-op redaksie wil hierdie leerlinge gelukwens en voorspoed toewens vir die komende jaar.**

Die klub staan nou onder die beskerming van mnr. Brooks aangesien mnr. Deichmann wat voorheen die fotografiesake behartig het, uit die onderwys bedank het.

Alhoewel mnr. Brooks eintlik eers die laaste termyn oorgeneem het, het hy alreeds vir ons 'n uitstappie gereël en dit ook vir ons moontlik gemaak om die fotografiekompetisie by St. Albans College by te woon. Ons wil hom dan ook bedank vir al die moeite wat hy vir ons doen.

Die kompetisie by St. Albans College op die 17de September het ons almal in rep en roer gehad. Die werke wat ingeskryf is, was van hoogstaande gehalte, en ons moes ongelukkig die trofee wat Affies vir drie jaar agtereenvolgend huis toe gebring het, aan Menlopark afstaan.

Daar word groot dinge van die fotografieklub verwag in die komende jaar, en ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om alle belangstellendes vriendelik uit te nooi om volgende jaar aan te sluit.





Ontmoet die vlermuisbende

## *Na die Front — Ernst van Heerden*

Toe ek die laaste môre brood kom eet,
kon ek my hartseer aan jou liewe hande meet,

Toe ek my rantsoen pak, komberse rol,
was my gedagtes van jou oë vol,

Toe ek vir oulaas staar, die deur toestoot,
toe spieël my hart hom in jou hart se nood,

Toe ek die straat uitgaan, nie weer kyk,
het jou sagte hare oor my wang gestryk,

Toe ek die trein inklim, met wrange lippe groet,
was jou mond 'n siddering, jou kus 'n vloed . . .

Toe ek die sneller en die blink loop vas omklem,
kon ek van jou g'n enkele trek herken.

## *Na die toets met Apologie*

Toe ek jou die laaste môre deurblaai,
Had ek nie nodig om oor iets te raai,


Toe ek my tassie pak, hare kam,
was jou kennis in my opgedam;

Toe ek vir oulaas staar, jou neerplak,
was jy my mees gekende vak;

Toe ek die straat uitgaan, en nie weer kyk,
was ek seker dat my kennis nie sou wyk;

Toe ek die bus inklim, skool toe ry,
was vir my die ergste reeds verby.

Toe ek die pen en vraestel vashou,
kon ek van jou g'n woord onthou!



Pullen die kunstenaar

**"Ma, Ma! Hoekom loop ek al in die rondte?"**
**"Bly stil of ek spyker jou ander voet ook in die grond vas!"**

**"Ma, Ma! Hoekom hardloop Pa so vinnig?"**
**"Bly stil en gee die klippe aan!"**



# Prysuitdeling — 1982

Op Donderdag, 10 Oktober, het die skool se hardwerkendste Affies in die skoolsaal vergader om die loon van 'n jaar se toegewyde arbeid te ontvang. Nadat daar paslik geopen is met die lees van die talente-gelykenis, is daar blitsig met die res van die verrigtinge voortgegaan. Mnr. M. Naudé, vader van die Afrikaanse Olimpiade, het 'n kort stukkie van dié se geskiedenis vertel. Vanweë ons skool se prestasie in die Olimpiade, het Nasau 'n paar boeke oorhandig en Volkskas, in die persoon van mnr. Snyman, het 'n tjek oorhandig. 'n Affie wen ook die Expo-uitstalling en mnr. Malherbe — watter Affie onthou nie die sombere 'Ekspo-dag nie! — het sy uitlatinge van ses maande gelede met 'n dosie sjokolade aan die hoof kom vervang.

Goeie organisasie het verseker dat die prysuitdeling nie langer as anderhalfuur geduur het nie. Dankie aan almal wat meegehelp het om die funksie so 'n sukses te maak!

*PIGLY-WIGLY*

**"FAST FOODS"**

***Wegneem-etes***
***Kry by Pigly-Wigly***
***die lekkerste,***
***langste en grootste***
***"footlongs" in***
***Pretoria***
***By Pigly-Wigly***
***Kry jy waarde***
***vir jou geld . . .***
***vra maar enige***
***koshuisleerling!***

# *Die goeie ou koshuis!*


**Waar is daar nog vier sulke tonnels, en moenie die vyfde een vergeet nie, met bykans 'n anderhalf honderd tonnelbewoners wat hulleself "Koshuis!!" noem, as by Huis le Roux — 'n koshuis duisend?**

Met die intrapslag staan standerd sesse grootoog en verskrik rond tussen al die meesters. "Ag Ma, hoekom moes ek hiérnatoe kom?" en om die ganghoeke kom al die eerste: "Standerd ses, kom hier, en maak gou!" Dis tasuitpak en gesellsende rondkuier na die vakansie vir die ander klomp. Môre-oggend se vroeg opstaan as die klok deur die stil donker gange weerklink, is niks lekker nie.

Maar as die gees eers begin groei, die jare verbygaan, die koshuis die atletiek wen, die rugby wen — en so af en toe die swem ook — van hoogte tot hoogte gaan, groei 'n kameraadskap wat nog lank onthou sal word: "My koshuisdae".

En op die ou end, as jy een van die "groot menere" is, dink jy tog met 'n tikkie weemoed aan die Affia van Theuns en Kashorra, die kere toe daar middernag geswem is, baie nagte se kuier-kuier deur gesels, in die donker gange afsluip om die onderwysers te "flous" en Pa Schoeman. As matrieks groet ons die laaste maal as ons by die twee vriendelike-swaaiende deure uitstap, die toekoms in, maar ons koshuisdae en herinneringe sal ons altyd bybly.

# Standerd 9-Leierskamp



**Die naweek 6-8 Augustus 1982 is daar 'n uiters geslaagde leierskamp aangebied deur die Junior Rapportryerskorps, John Vorster. Drie en sestig Affie-seuns en -meisies het dit bygewoon.**

Teen ongeveer 16h00 Vrydagmiddag het ons by die kampterrein, langs die Roodeplaatdam, aangekom. Daar is ons deur die voorsitter verwelkom. Na 'n rustige middag van "kenmekaar" en vlugbal, is ons in groepe verdeel en elke groep het vir hom 'n wapen op 'n plakkaat geteken om dié groepnaam uit te beeld.

Na ete het prof. Straus 'n lesing gegee en 'n bespreking gelei ter bekendstelling van die Rapportryerskorps. (So hier en daar moes gekeer word of dit het in 'n politieke stryery ontaard). Daarna is "Jong Dames Dinamiek" deur mev. Van Schalkwyk bekendgestel. Dit is 'n vroue-organisasie wat gelykstaande is aan die Rapportryerskorps (wat net vir mans is). Laaste is 'n baie interessante lesing oor kultuur gelewer.

Na die lesings het ons 'n rukkie gesing, aandgodsdiens is gehou en daarna was ons veronderstel om te gaan slaap. (Dit het na 'n uur of wat wel gebeur).

Saterdagoggend, nadat ons ontwaak, oggendgodsdiens gehou en geëet het, is die belangrikste lesing van die kamp, naamlik dié oor leierskap, deur mnr. Ettiene Ernst aangebied. Hy het dit op 'n meesterlike wyse gedoen. Die lesing het vir ons baie beteken en ook deur die groepbesprekings het ons baie kennis opgedoen.

Na middagete is die lesing voortgesit en daarna het ons vlugbal en sokker op 'n uitklopbasis tussen die groepe gespeel. Die hoogtepunt was natuurlik die vlugbalwedstryd tussen die onderwysers en Rapportryers en die st. 9's.

Aandete het bestaan uit 'n braaivleis en daarna het ons kampvuurkonsert gehou en gesing. Toe wou ons nog 'n rukkie om die vuur sit en mekaar vermaak en dit het tot na 01h00 (Sondagoggend) geduur. Ons is toe aangesê om régtig nóú te gaan slaap en ons het na die kamers gegaan. Dié seuns was skaars in die bed of die meisies het buite vir hulle gesing. Daarna het dit eers 'n hele rukkie geduur voordat ons eindelik in die bed was.

Sondagoggend het ons gapend opgestaan. Na ete is 'n erediens gehou en daarna het ons nabetragting gehou oor die kamp. Middagete het aangebreek en later die middag het ons opgepak en gery.

Die kamp het ons werklik baie geleer, ook die Bybelstudie wat soggens gehou is. Die etes was van 'n baie goeie gehalte en ons is die John Vorster Junior Rapportryerskorps baie dankbaar vir al hulle moeite, geduld en leiding. Ook mnr. Botha wat saamgegaan het wil ons hartlik bedank. Ek is seker almal het die kamp baie geniet en die goeie gees wat geheers het, is 'n duidelike bewys daarvan.

J. de Bruyn.



# Boeresport

## 8 September


"Aandag, aandag. Meneer Swart, mnr, meneer Swart, u moet tog nie nou al loop nie, Ipitombi is nog op pad!"

So het '82 Boeresport dan ook begin. Alles was nog op pad . . . En tog, as jy 'n matriek is, gee jy nie veel om vir die ongeorganiseerdheid nie, en verseker jy 'n bekommerde sessie dat dit maar elke jaar so gaan. Want 'n Affieboeresport is soos baie ander Affie-dinge: uniek.

Daar's 'n Appelkas waarvandaan musiek en sêdinge kom "Derek staan tog nader aan jou arms", daar is eiergooi, sommer die hele plek vol en daar is toutrek, en dié keer was dit en die sakslaan ook maar al wat rerig wás. Maar wat die hele middag eintlik maak is dat niemand omgee hoe jy lyk wat jy doen en sê nie. En as jy in matriek is, des te meer, want dan doen jy goete soos massabeenreisies, massatoutrek en massa-eierpoging-kragbron . . . En dan kom die hoofding van die middag — die HOKKIE-WEDSTRYD — teen daardie tyd is enige iets na die seuns se veelbespreek "touchrugby" 'n hoogtepunt!

Op maat van "Eye of the Tiger" draf hulle toe in . . . die pragtige N.Tvl-span van die Meisies (Aleida, hoe sit Naas se trui toe?) En agterna kom die Broers. en soos 'n bekommerde persoon opgemerk het; "Dis dan al die ouens met ballsense". Oor die wedstryd sal ek nou nie uitwei nie, behalwe dat albei spanne hulle baie goed gedra het. O ja, en dankie vir die Ideale Affie wat vir Murry moes geselskap hou — as dit darem nie vir party manne in die Appelkas se sin vir humor was nie . . .

Mag die tradisie altyd so ongeorganiseerd bly!



# Noodhulp-kompetisie

**Op 15 September vanjaar is daar 'n noodhulpkompetisie gehou by die Afrikaanse Hoër Seunskool. Menlopark en A.H.S. het elk twee spanne ingeskryf.**

Agt weke vantevore het A.H.S. se noodhulp nog 'n kursus in noodhulp aangebied, na verlede jaar se suksesvolle kursus. Uit hierdie leerlinge wat die kursus bygewoon het, is twee noodhulpspanne gevorm onder leiding van Alastair Smart.

Die kursus is aangebied deur die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga. Ons was besonder gelukkig om mev. Heyl as instruktrise te kry. A.H.M. het ook leerlinge na hierdie kursus gestuur.

Mev. Heyl het die kursus besonder interessant gemaak vir die twaalf Affie-seuns. Die kursus het die volgende ingesluit: Kardio-Pulmonale bybringing (kunsmatige asemhaling en hartbybringing), bloeding, verbande, frakture, bewusteloosheid en skok. Elke Maandag vanaf halfvier tot kwart voor vyf het ons "bloed" gesweet met die ingewikkelde terme.

Na die kursus het ons baie hard geleer en Maandag 6 September, het ons die eksamen afgelê. Vir party was dit hulle eerste en vir ander hulle tweede eksamen. Gelukkig het al die kandidate die eksamen met goeie gevolge afgelê.

Die idee van 'n kompetisie het van Alastair gekom. Hy wou die praktiese vaardigheid en die toepassing van die teorie van die lede van die noodhulpspanne verbeter. Omdat baie lede geen praktiese ervaring gehad het nie, was dit 'n goeie voorstel gewees.

Mev. Heyl is genader en sy het haar hulp beloof. Sy het ook as skakelbeampte tussen Menlopark en Affies opgetree. 'n Datum is gekies en daar is met die voorbereidings begin.

Omdat ons gevoel het dat ons nie oor die nodige kennis vir so 'n kompetisie beskik het nie, is daar besluit om ekstra klasse te reël. Mev. Du Plessis het die twee ekstra klasse gegee en ons het werklik baat daarby gevind.


Die groot aand het aangebreek en die spanning was voelbaar. Omdat Affies gasheer was, moes ons vir verversings na die kompetisie sorg.

Mev. Heyl het die reëls aan die spanleiers verduidelik en daar is bepaal in watter volgorde die spaane sou deelneem.

Daar het 'n "ongeluk" in kamer 25 plaasgevind. Drie pasiënte het in die kamer gelê. Een was bewusteloos, nommer twee het 'n ernstige chemiese brandwond opgedoen en nommer drie het ernstige snywonde aan sy regter bo-arm gehad. Elke deelnemer het sy pasient gekry en volgens sy beserings behandel.

Nadat al die spanne deelgeneem het, is die wenspan in die personeelkamer bekend gemaak. Menlopark was eerste, Affies en nog 'n Menloparkspan tweede en die tweede Affiespan derde.

Affies se noodhulp wil graag hulle dank aan mev. Heyl betuig want sonder haar sou daar geen kompetisie gewees het nie. Ons sien uit na die volgende kompetisie.



# Vooruit met die akademie . . . al raak jý agter!

**Soos almal reeds weet, is ons skool die skool met seker die hoogste standaard in die Transvaal. Volgens ander bronne is die kinders in ons skool skynbaar 10% slimmer as die kinders in enige ander skool.**

Ek voel ook soos die meeste van julle seker voel: "Wel, ék is beslis nie een van daardie 10% nie!" Miskien nie, maar miskien is jy wel slimmer as wat jou punte sê. Jy sien, jý weet dat jy 6 of meer vakke het, maar die onnies dink dat jy net een het. (Die een wat húlle gee).

As 'n mens dus elke middag 'n halfuur (ten minste) aan elke vak bestee, sit jy 3 volle ure met jou huiswerk. As jy die volgende dag nog 'n toets skryf, nog 2 ure (op die minste) en as jy sport ook beoefen, neem dit nog 'n uur in beslag. Tel dit by die aantal ure wat jy agter die skoolbanke sit (5 ure) en jy kry 11 volle ure van inspanning!

(As jy Stroom-op artikels skryf, kan jy nog een uur inspanning bytel!)

Moet dus glad nie sleg voel as jou punte lyk soos myne nie; 'n mens moet tog nog eet, T.V. kyk, gesels, ontspan, busry, radio luister, lees, mediteer en slaaaaap ook, dan praat ek nog nie eers van romans ens . . . nie! As ek jy is, skuif ek my punte met 10% op en kyk dan of ek nog so vrot doen soos wat my rapport sê.

Redaktrise

## Skaak '82

Die skaakklub het weer eens, soos in die verlede, 'n baie goeie jaar beleef, ondanks die feit dat ons geen amptelike afrigter kon kry nie. Die ledetal het hierdie jaar gegroei tot vyf-en-veertig, en ons kon drie spanne inskryf vir elke ligawedstryd. Elke span het gemiddeld nege wedstryde gespeel. Alhoewel die Affies op punte nie so goed gevaar het nie, het hulle nie gaan lê nie, maar moedig voort geveg, en alles het in 'n goeie gees geskied.

Willie Koen, voorsitter, en die onderskeie kapteins, nl. Deon Smith, Johannes van der Walt en Max Robertse het die ouens aangemoedig en die nodige leiding gegee. Maandae was oefendae en Vrydae het ons gewoonlik wedstryde gespeel.

Ons opregte dank aan mevv. Grobler en Saayman vir hul reëlings en beplanning. Ons waardeer dit baie en sien baie uit na 1983!

# Worsbroodjies-verkope

## 4 September

Boereworsbroodjies . . . lekkerrrr boereworsbroodjies . . . N-Tvl. bo en W.P. onder . . . hoe lyk dit met 'n worsbroodjie, OOM? Haai meisie wie's nou jou Oom?

Dit was die Saterdag van groot rugby op Loftus, toe 'n klomp dapper Affies (grotendeels Koshuiskinders) die Oueronderwysersvereniging gehelp het om die, nou al beroemde, boereworsbroodjies te verkoop. En dat dit pret was, kan niemand bestry nie . . .

Want dit was die lekkerste boerewors van die Kaap tot in Transvaal, op die spit gebraai — ja, net daar waar die rokie uitslaan, tussen heerlike vars Boerstrabroodjies, toegedraai in waspapier, of later sommer in Boerstrasakkies.

En as dit nie was vir ons kwaai "Juffrou" nie, was party van ons seker nou al getroud, of verloof of so iets . . . Veral die een met die "Boeland"-mini, of dié een wat elke tweede oom se bloeddruk op gejaag het met 'n vrolike: "Wil OOM nie dalk 'n broodjie koop nie?" Maar ons sal nou nie name noem nie.

Al het ons ons salarisse (?) vriendelik as donasies gegee, wil ons die ouers baie bedank vir 'n ondervinding wat ons nie maklik sal vergeet nie.

(Solet van Blerk)

# Die St. 6 mini-atletiek byeenkoms

**Vrydag 24 September 1982 was 'n baie belangrike dag vir al Affies se standerd ses dogters. Die st. 6 mini-atletiek byeenkoms het op Seunshoër se bane plaasgevind.**

Die klasse het dae voor die tyd al begin beplan wat hulle gaan aantrek, wat hulle gaan sing en hoe hulle kentekens gaan lyk. 6a se kleur was pers, 6b rooi, 6c groen, 6d geel, 6e pink en 6f rooi.


Elkeen het teen sy eie klasmaats gekompeteer op die gebied van hoogspring, verspring, balgooi, gewigstoot, 100 m en 500 m. Elke klas het ook probeer om die hardste te sing en die beste gees te hê.

Die doel van die byeenkoms was om die kinders wat talent het om atletiek te doen, maar nie wil oefen nie, vas te vat.

Danksy al die onderwyseresse se hulp was die byeenkoms 'n groot sukses.

Mej. Du Plooy het aan 'n nuwe manier gedink om ons Affies, wat nie altyd te lus het om in die middae atletiek te oefen nie, by die atletiek te betrek. Vir elke standerd het ons juffrouens een Vrydagmiddag prysgegee om ons "atletiekprestasies" van nader te bekyk. So het die st. 7's se middag ook aangebreek, en het hulle met 'n groot lawaai die pawiljoene genader. Alles was ryklik versier en elke klas se "lied" was gesing. Van Liewe Heksie tot Suiglekkers was by die middag se atletiek te siene. Almal het hulle uiterste bes probeer om húlle klas se punte nog hoër op te stoot; ook met die klasse se gees was daar niks verkeerd nie.

Moeg, maar tevrede, het 'n klomp sewes die Seunskool se velde verlaat en geweet dat hulle hulle bes gelewer het.



AANHOUER WEN . . .

# St. 8 bo!

Het julle al ooit vettes en maeres, groottes en kleintjies, plattes en rondes almal bymekaar gesien op 'n atletiekbaan?! Nou ja, so het dit Vrydag, 7 Augustus om 14h00 op Seunshoër se velde gelyk. Al wat 'n st. 8 is, het opgetrek om haar talente op die Standaard-minibyeenkoms, te voor skyn te bring.

'n Mengelmoes van kleure, klere, tekkies, stof en wat nog alles het die oog begroet en bo alles het die st. 8-gees, die kroon gespan. Terwyl die een klas die gewigte meters ver gestoot het, het die ander rekords soos strooihalmpies gebreek. Wanneer die fluitjie blaas, rits almal klasgewys en al singende na die volgende item toe. By die hoogspring het dit egter 'n bietjie swaar gegaan en toe die springlat darem na 1 meter 30 opgeskuif word, het sommiges van ons besluit dat dit baie meer vroulik is (en makliker!) om onderdeur te klim!

Eindelik breek die groot oomblik aan en 'n spul moeë onderwysers kondig die wenners aan. Op die ou end kon selfs die onderwyseresse nie belsuit wie se gees die beste was nie en almal kry eerste prys. Hoera vir die Minibyeenkoms! Hoera vir St. 8!!!



SO MOET DIT GEDOEN WORD!



DIS NOG VER . . .



STUUR HOM, JAN!


# LANDLOOP

Hierdie jaar was beslis 'n goeie jaar vir Affies se landloop. Drie junior atlete verwerf Noord-Transvaal kleure. Hulle word dan ook gekies om hul streek te verteenwoordig op die Suid-Afrikaanse Landloopliga asook op die Prestige landloopbyeenkoms.


Kenneth Jones en Tobie Adelaar neem deel aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe en eindig onderskeidelik 17de en 24ste. Dié Kampioenskap word elke jaar in 'n ander streek gehou, en hierdie jaar was Transvaal aan die beurt. Die baan by Alberton was meestal opdraande en die kompetisie straf. As gevolg van die deelname van so 'n groot aantal streke, was die baan stampvol ywerige deelnemers.

Tydens die laaste Woensdag ligabyeenkoms (wat die junior span dan ook wen) word Stephan de Beer saam met die twee bogenoemde atlete gekies, om Noord-Transvaal te verteenwoordig by die Prestige landloopbyeenkoms te Carltonville. Die gelyke baan gee aanleiding tot 'n vinnige wedloop en in die warm weer doen Affies besonder goed. Tobie eindig 4de, Kenneth 7de en Stephan 9de.

Hierdie puik prestasies gedurende 1982 kan alleen verbeter word. Ons opregte dank aan mnr. Swanepoel vir al sy reëlings en afrigting. Ons sien uit na 1983!



**Hierdie spasie is geskenk deur MOPANIE APTEEK (Edms) Bpk Skilpadlaan 73 Monumentpark**



# Affies-geborgde wedloop



Die Affies het gehardloop asof hulle betaal word; soos inderdaad die geval was op 18 September 1982, met die geborgde wedloop om fondse in te samel vir die tartenblad by die verspringputte en by die hoogspringmat. Bykans sewehonderd Affies het deelgeneem, voorwaar 'n massadeelname.

Standerdgewys het die groepe aan die onderkant van die A-rugbyveld weggespring: Een maal om die baan, af deur die hek van Huis Frank le roux, op in Walton Jameson, af in Universiteitsweg waar die eerste kilometermerk gelê het —, af in Lynnwoodweg waar die tweede kilometer merk geleë was, en weer tot by Walton Jameson en verder. Onderwysers met stempels van "P.J.S. Swanepoel, gekontroleer" tot "Mag nie verkoop word nie" het die "kilometer blokkies" op die borgvorm volgestempel. Hardlopend, halfdrawwend, lopend en sleep-slepend het almal hulle beste gelewer of dan genoeg rondtes af ge lê om die minimum bedrag van R5 in te samel. Die Affies het weer eens gewys wat in hulle steek, en mnr. Swanepoel kon met trots sê dat die "pretdraf" 'n sukses was.

En tog was die einde niet. Ouers met waterende monde het afleiding en vermaak gevind in vertonings gelewer deur die blaasorkes, kadetorkes, en drilpeloton, vanwaar hulle met etekaartjies, ouboet en ousus, na die osbraai self is. Almal het gesmul aan die vleis, en slaaie.

Mnre. Roesch, Schoeman en Swanepoel, sowel as al die ander wat betrokke was, moet bedank word vir 'n geskiedkundige en heerlike dag.

Ons wil graag vir mnr. Swanepoel in besonder bedank, maar ook aan al die ander onderwysers wat meegehelp het om dit 'n geskiedkundige en heerlike dag te maak.

# Skerm

**Hoewel daar maar min van hierdie sportsoort gepraat word, was daar groot kompetisie onder al die lede van Affies.**

Vroeër vanjaar was die Noord-Transvaalse uitdunne in Johannesburg gehou, maar ongelukkig het nie een Affie gaan deelneem nie. Daar was wel lede van ander skole in Pretoria wat gaan deelneem het, en twee het uitstekend gevaar. Daar word egter 'n groot kompetisie vir later in die jaar beplan in al die Affies sal daar gaan wys wat in hulle steek. Die skilfers (standerd sesse) van vanjaar het groot belangstelling getoon in hierdie sportsoort en hulle is ook baie gemotiveerd.

Ons beplan om volgende jaar 'n paar seuns te laat deelneem aan die Noord-Transvaalse uitdunne. Dalk verwerf 'n paar van hulle hul kleure in hierdie sportsoort.

Ek wil net graag noem dat skerm oop is vir enige Affie wat belangstel. Mnr. K. Pearson, 'n Britse kampioen, is ons afrigter en hy rig ons elke Donderdag in die skoolsaal af. Julle hoef julle nie te bekommer oor die toerusting nie omdat mnr. Pearson alles verskaf.

Ek hoop van harte dat daar volgende jaar nog 'n groter skermspan in Affieland sal wees.

# Skyfskiet

Die sport, wat weer vanjaar soos in die verlede, groot belangstelling gewek het, het in die begin van die termyn sy hoogtepunt bereik.

Ons het teen verskeie skole meegeding en in die liga het ons baie goed teen Hoërskool Erasmus, Overkruin, Boys' High en Verwoerdburg gevaar en is die span uitgenooi om aan die finaal vir die Bisley-liga op 10 en 11 September deel te neem.

Die jaar se harde en gereelde oefening het vrugte afgewerp toe die juniorspan die Pretoria-Oos kompetisie wen en sorg vir 'n deurbraak waartydens ons grootste teenstanders, Boys' High en Clapham die hoef afgesteek is. Jaco de la Rouivere het tydens die kompetisie ook die trofee vir die beste Junior skut ontvang en is ook later in die termyn as lid van die Noord-Transvaalse junior skietspan gekies.

Die kompetisie was besonder straf as 'n mens daarop let dat daar slegs 'n punteverskil van 1,5-2% tussen die eerste vyf of ses spanne was. Te danke aan 'n tradisie van goeie sportmangees en 'n doelgerigte afrigter soos mnr. Van Staden, kon die skietspan hierdie hoogtes bereik.

# *Eerste Tennisspan*



**Affies se tennis was vanjaar weer een van die aktiwiteite wat aan sy skool die gesogte Administrateursbeker gelewer het.**

Affies het die seisoen vol geesdrif en vertroue aangepak, wat hulle dan ook in staat gestel het om die Pretoria-liga in te palm. Vir ons vier Affie-sterre, Kosie, Samie en die twee Gerries sou dit maar slegs die begin wees van 'n skitterende tennisseisoen.

In die semi-finaal het Affies met 6-0 koning gekraai teen King Dawid, teen wie ons verlede jaar in die finaal gespeel het. Voor die tyd is daar bespiegel oor Affies se kans, maar met die nodige motivering en determinasie soos dit elke speler betaam, het ons deurgedring na die eindstryd.

Toe, op 21 September 1982, breek die wedstryd teen Wesvalia van Klerksdorp aan. Met pragtennis en sonder enige grootdoenerigheid, het ons Affie-bulle Wesvalia met 5-0 in die stof laat byt. Voorwaar 'n puik prestasie waarop alle Affies trots behoort te wees. Ons kan Gerrie en sy spanmaats verseker dat dit vir ons 'n riem onder die hart is om Affies weer bo te sien uitkom.

Ons wil dan ook van die geleentheid gebruik maak om ons vier tennisspelers geluk te wens met hul pragspel, geesdrif en onverbeterlike gedrag. Ons wil ook in besonder vir mnr. Bezuidenhout bedank vir die manier warop hy die Affiebulle ondersteun en deur dik en dun bygestaan het. Affies waardeer dit opreg.

Mag Affies streef om altyd die gevreesdes te bly.

# *Onder-15 Tennis*

**Soos in die verlede was daar weer groot talent onder die standerd sesse en hulle het deur die jaar gewys wat in hulle steek.**

In die onderskeie ligas waarin ons spanne meegeding het, het dit ook baie goed gegaan. Die ondervyftien A-span het nou nie hulle liga gewen nie, maar het naelskraap teen Menlopark en Boys High verloor wie se spanne baie sterk was. Die vyfde span van die onder vyftiens het gewys waartoe hulle in staat is, en het húlle liga gewen. In die gemengde liga het ons eerste onder-vyftien span saam met Meisieshoër se eerste span hulle kragte saamgespan en die liga ingepalm. Met die ander spanne het dit ook goed gegaan.

Daar was veral spannende wedstryde teen Menlopark waar ons met tien spelle die aftog moes blaas en teen Boys High het ons ook net met 'n paar spelle verloor. Ons vertrou dat volgende jaar se ondervyftien A-span die knoop sal deurhaak.

Die jaarlikse onder-vyftien kampioenskappe het ook net voor die kort vakansie plaasgevind. Elke middag het daar talle geesdriftige juniors sake uitgespook om tot 'n volgende ronde deur te dring. In 'n naelbytwedstryd het Richard Roothman vir Francois Sauer die loef afgesteek.

Ons bedank mnr. Labuschagne vir sy organisering deur die jaar van die wedstryde en ook die kampioenskappe.

Oor die algemeen het die tennis goed gelyk en dit lyk ook baie belowend vir die komende jaar.

# *Standerd Nege-Atletiek!*



**Op die 3de September het die standerd neges 'n atletiekbyeenkoms gehad. Die doel van die byeenkoms was om die verskuilde talent in Affies te ontdek. Die middag was 'n groot sukses. (Mev. Johnson het verniet haar swemklere saamgebring; niemand het haar uitdaging aanvaar nie!)**

Al die klasse met hul registeronderwyseresse was teenwoordig. 9A met mev. Langley, 9B met mej Hirschorn, 9C met mej. Du Plooy, 9D met mev. Louw, 9E met mev. Maritz, 9F met mev. Johnson asook mej. Bothma, mev. Griffiths, mev. Van der Schyff, mej. Richardson, mej. Hugo, mev. Randall en mev. Dicker. Mev. Langley het soos 'n wafferse langafstandatleet die 600 m saam met haar registerklas gehardloop. Met sulke geesdrif en entoesiasme van die onderwyseresse se kant af sal Affies beslis nog die paal haal!

Die verskillende items waaraan die klasse moes deelneem is die 100 m, 600 m, gewigstoot, hoogspring, verspring en balgooi (spiesgooi). Die middag het ook voorsiening gemaak vir heelwat opgewondenheid — die "Koekblikbestokers" (9E) het almal so te sê met koekblikgeraas bestook. Die puik klas 9-Delta was natuurlik onmisbaar, hulle het nie alleen 'n kreet gehad nie, maar ook 'n vaandel. Hulle naam (9-Delta) is baie gepas omdat die hele klas skeinat sowel as wiskunde neem. Hulle fantastiese onderwyseres, mev. Louw, was soos gewoonlik weer die hoogtepunt van die middag. Verder was daar ook die katjies van die baan (miaau!), die rooiharte, "The pirates of Penarrow", "Little Lottas" met rooi wange en strikke.

Almal het die middag ontsettend geniet. As die hele Affies so voel oor die atletiek soos die st. 9's, dan wen ons sommer volgende jaar die A-bond. Of hoe sê ek Affies?!
Heidi Kolfes

# *Tennis 1982*

Die afgelope jaar het baie hoogtepunte in A.H.M. se tennis opgelewer.

Die eerste oorwinning van die jaar was die dogtersliga van die Pretoriastreek. In die finaal het ons te staan gekom teen ons gedugte vyande, Menlopark.

Die oorwinning het ons egter 'n stappie vorentoe geskuif op die pad na die Administrateursbeker en moes ons toe teen Linden Hoërskool van Johannesburg in die halfeindronde speel. Ongelukkig was dit toe die Affies wat die knie moes buig voor die wenners van hierdie jaar.

Uit die Noord-Transvaal Hoërskole span wat slegs uit 7 lede bestaan, was drie van hulle Affies. Elizma Nortje, Ina Terblanche en Sonja du Toit het die week op Germiston, waar hulle aan die toernooi deelgeneem het, hulle skool se naam hoog gehou.

Ons is ook baie trots om die wenners van die Interhoër tennis en Gemengde liga van 1982 te wees.

Ek hoop dat 1983 'n voorspoedige jaar in, Affies se tennis sal wees.


franken (PTY) LTD

**10% afslag aan skoliere/studente!**

- Kuns
- Argitektuur
- Pottebakkers

*ONS SPESIALISEER IN BENODIGDHEDE VIR KUNS- EN ARGITEKTUURSTUDENTE*

**445 Hilda Street/straat 445**
**HATFIELD, Pretoria 0002**
**Tel: 43-6414**

# HOKKIE



Onder 15A-Hokkiespan

**Die Hokkiehoogtepunt vir die onder 15A-span was beslis 3 Julie 1982. Dit was 'n bitter koue dag en met gevriesde spiere het ons voor die wedstryd begin opwarm.**

Dit was die eindwedstryd om die administrateursbeker waarom vanjaar vir die eerste keer meegeding is. Menlopark- en Affie-ouers het vroeg in die wedstryd hulle naels begin kou. Die wedstryd kon in enige span se guns wees en het baie gelyk verloop. In 'n vorige kragmeting het Affies 2-0 gewen en dus was Menlopark vasberade. Toe daar met halftyd nog geen puntetelling was nie, het elke span se afrigster opnuut gemotiveer. Kort voor die einde gebeur dit . . . Mev. Edwards spring 'n meter in die lug op, Lenca het die doel geslaan en Affies wen.


Verskeie ander wedstryde is vroeër die seisoen gespeel soos teen Overkruin, Clapham, Girls-High, Hendrik Verwoerd, Verwoerdburg, ens.

'n Onder 15-ligatoernooi waartydens ons teen meestal Engelse skole gespeel het op Girls High se velde, verloop ook goed en ons eindig tweede.

Ons bedank net weer eens mev. Edwards vir haar toewyding en entoesiasme, waarsonder hierdie prestasies nie moontlik sou gewees het nie!

# Sportvrou van die Termyn

**Zelda van der Merwe**



Zelda is op die 20ste Maart 1965 in die Kaap gebore. Sy was te Wonderboom in Pretoria en in Gerrit Maritz in Natal op Laerskool. Sy begin reeds in st. 3 hokkie speel en in st. 4 en 5 speel sy vir haar Laerskool se eerste span. Daarna was sy in st. 6, 7 en 8 in Voortrekker in Pietermaritzburg. In st. 6 en 7 speel sy vir Voortrekker se 0/15 span. In st. 8 kom sy na Meisies Hoër en van toe af speel sy in die eerste span.

In 1982 word sy verkies as hokkiekapteine van die eerste span. Alhoewel die eerste hokkiespan nie juis hierdie jaar presteer het nie, het hulle tog 'n baie goeie sportgees gehandhaaf. Zelda is 'n natuurlike leier en al die lede van haar span het haar in al haar besluite ondersteun.

Hierdie jaar het Zelda ook 2 maal vir Harlequins se hokkiespan op die veld gedraf. Altwee die wedstryde, teen U.P. en teen Normaalkollege, is deur Harliquins gewen.

Zelda is voorwaar 'n uitstaande sportvrou en die eer om as sportvrou van die termyn verkies te wees, kom haar toe. Voorspoed Zelda, ons hoop jy bring dit nog ver!

Heidie Rolfes
Redaktrise

# Kosie Sauer — Sportman van die termyn

**Die afgelope vyf jaar was daar 'n besondere sportman in Affies se geledere, by name Johannes Jacobus Sauer, beter bekend as Kosie. Hy het op vyfjarige ouderdom vir die eerste keer 'n raket vasgehou onder die wakende oog van sy pa. Reeds in sy eerste jaar op skool speel hy al verteenwoordigende tennis en vanjaar is hy onlangs saam met 'n Suid-Afrikaanse span Israel toe. Meer daaroor later.**

Hy is op 9 April 1964 op Potgietersrus gebore en verhuis saam met sy ouers in 1967 na Pretoria waar hy tennis begin leer. In standerd twee moes hy terugstaan vir twee ander bekendes, sy broer Freddie en Danie Visser. In die volgende jaar kry hy egter sy kans om vir sy laerskool se eerste span te speel. Hy gebruik die kans goed want op 11-jarige ouderdom is hy reeds Suid-Afrika se nommer 1 speler.


In 1978 kom hy na Affies waarin hy saam met wyle Jacques Theron die Appletizertrofee wen vir die laaste jaar wat die toernooi gehou is.

Van standerd 8 af speel hy in Affies se eerste span, waaronder bekende name soos Danie Visser en Tiaan Viljoen pryk en ook in die Noord-Transvaalspan. Van 1981 af speel hy in die Suid-Afrikaanse Junior span.

In die senior kampioenskappe vanjaar klop hy Suid-Afrika se no. 1 O/23 speler, Danie Visser. Hy en Samie de Necker wen dan ook die dubbels in die Junior Kampioenskappe. Teen die einde van verlede jaar was hy dan ook as Suid-Afrika se no. 3 Junior gereken.

Onlangs is hy saam met die Suid-Afrikaanse Juniorspan Israel toe, waar hulle drie toetse teen die Israeli's gespeel het. Die jong bokkies het twee van die toetse gewen.

Volgende jaar sal hy 'n aanwins vir die Suid-Afrikaanse Weermag wees waarna hy sy talente teen die talente van die res van die wêreld wil gaan toets. Stroom-op wens hom voorspoed toe met sy toekomsplanne.



*Kosie Sauer*

## O/14 Driedruk

Affies se krag is vanjaar weer duidelik onderstreep tydens die driedrukkompetisie.

Die onder-14-driedrukspannetjie het al hulle teenstanders die loef afgesteek. Die B-driedrukspan se kompetisie was nie teen hulle opgewasse nie en hulle het maklik met die louere weggestap. Dit is weer eens 'n goeie bewys van die diepte van Affies se rugby. Die A-driedrukspan het aanvanklik gesukkel, maar nadat die paar eerstespanspelers teruggekom het, het die span baie verbeter. Nieteenstaande die feit dat hulle baie sterk kompetisie gehad het, het hulle baie goed gevaar.

Ons wil baie dankie sê aan die afrigters van die drie spanne en ons sien uit na 'n baie goeie jaar waar die beker na sy regmatige plek sal terugkom.


Sterkte en rugbygroete.

# Atletiekkomitee

Die st. 9-groep van A.H.S. het op aandrang van mnr. Swanepoel besluit om 'n atletiekkomitee bestaande uit st. 9-leerlinge te stig. Daar is in elke klas 5 lede aangewys wat die totaal op 30 lede in die komitee te staan bring. Die 30 manne is onder leiding van mnr. Swanepoel. Hulle doel is om byeenkomste te reël, baanbeamptes te wees en oor die algemeen Affies se atletiek te verbeter. Daar is reeds deur hulle aan ons bewys dat daar van nou af baie meer kompetisie op die atletiekgebied vir Affies sal wees as ons kyk na die landloop-, en minibyeenkoms wat reeds deur hulle geloods is.

Aan dié 30 manne en mnr. Swanepoel, wil Affies net alle voorspoed toewens met die groot taak wat in 1983 op hulle wag.





# *Krieket*

**Met die eerste termyn agter die rug, en die derde termyn nog in sy kinderskoene, beloof ons krieket groot dinge vir die toekoms.**

Die eerste span het tot die finaal in hul afdeling gedurende die eerste termyn deurgedring, maar moes naelskraap die onderspit delf teen Menlopark. In die ligawedstryde van die derde termyn het dit nie te goed gegaan nie, maar dit kan [illegible] ryf word aan 'n baie [illegible] rvare span. Dit kan egter net sukses voorspel vir die toekoms.

Die tweede en derde spanne het tot dusver geen sukses behaal nie. Ons hoop die dinge gaan regkom.

Die O/15A- en O/14A-spanne is tot dusver onoorwonne. Veral die O/14A-span het hul staal getoon. Dit beloof toekomstige hoogtepunte vir ons krieket.

Ons wens Abraham Manser van harte geluk met sy mooi prestasie om die Noord-Transvaalse Afrikaanse skolespan te kon haal.